

Maak So Jou Eie Koud Geprosesseerde Seep.

Die seep bestaan uit 'n growwe onderlaag en 'n gladde welriekende bolaag.

Jy het nodig:

200 g geel en 200 g wit margarien,
seepsoda,
2 teelepels fyn kaneel,
kaneelstokkies, in klein stukkies gebreek,
droë lemoenskil, in klein stukkies gebreek,
5 ml vlugtige olie van bitterlemoen,
5 ml vlugtige olie van soetlemoen,
heel kaneelstokkies vir versiering,
droë lemoenskil vir versiering,
suurlemoen of asyn en kookolie.

Metode:

Verhit die geel margarien in 'n vlekvrige staalpot oor die laagste hitte tot net gesmelt. Trek beskermende klere en handskoene aan.

Los 28 g seepsoda (sowat een filmhouertjie vol) in 'n glasmengbak met 125 ml water op. Voeg altyd die seepsoda by die water en nie andersom nie.

Moenie die gasse inasem nie en werk altyd in 'n vertrek wat goed geventileer is.

Sodra die seepsoda-oplossing deursigtig is, kan jy die gesmelte margarien byvoeg.

Roer aanhoudend met 'n vlekvrystaallepel of plastiekspatula tot die mengsel verdik en traseer stadium bereik.

Die stap sal ongeveer 45 minute duur.

Voeg die fyn kaneel, gebreekte kaneelstokkies, lemoenskilstukkies en bitterlemoenolie by die seepmengsel en roer aanhoudend.

Smeer 'n reghoekige plastiekhouer met 'n bietjie kookolie en giet die mengsel daarin om die onderlaag van die seep te vorm.


Bedek dit en laat die mengsel stol.

As die onderlaag gestol het, moet jy die hele proses herhaal vir die bolaag, maar gebruik die keer die wit margarien en net soetlemoenolie.

Gooi dit bo-oor die onderlaag en versier dit met heel kaneelstokkies en lemoenskil.

Bedek die houer en bêre dit vir sowat vier tot ses weke op 'n koel, donker plek.

Eers dan is dit gereed om gesny en gebruik te word.



Blink Idee:

As ekstra versiering kan jy 'n oorskietstukkie deursigtige seep smelt en kakaopoeier daarby voeg om bo-oor die seep te drup.

Weet Jy?

Daar is 'n maklike manier om te toets of jou seepmengsel traseer stadium bereik het.

Skep 'n bietjie van die seep mengsel uit en laat dit dan stadig van die lepel tot op die oppervlak van die seep in die pot loop. As dit



bo-op die mengsel bly en nie insak nie, is dit reg en kan jy jou geursel, kleursel en organiese bestanddele byvoeg. Die proses kan van vyf minute tot 'n uur of selfs langer duur voordat die mengsel die stadium bereik, maar jy kan die proses aanhelp deur dit met 'n elektriese of handklitser te klits.

Bron: dit idees, April 2007